



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

VOORWOORD

Die eerste nuusbriëf van die 2015-kalenderjaar fokus op die volgende aspekte:

1. Voorsittersverslag – bl.1
2. Die beleggingprestasie van die groeiportefeulje gedurende die 2014-kalenderjaar – bl.2
3. Nuwe wetgewing – bl.2
4. Die jaarlikse voordeel- en projeksiestate – bl.3
5. Die bestuur van die Fonds – bl.4
6. Die diensverskaffers van die Fonds – bl.5
7. Finansiële advies vir lede 55 en ouer – bl.6
8. Die byhou van benoemingsvorme – bl.6
9. Belangrike kontakbesonderhede – bl.7

Voorsittersverslag

Ek gee graag 'n terugblik op die afgelope finansiële jaar, wat op 31 Desember 2014 geëindig het. Die jaar is gekenmerk deur groot uitdagings op plaaslike sowel as internasionale vlak. Enkelsyfer-beleggingsopbrengste en laer vooruitgeskatte opbrengsverwagtings was van die belangrikste gevolge. Die Raad van USAF Trustees het drie keer gedurende die jaar vergader. Belangrike aangeleenthede, insluitende die terugrapportering van die vier subkomitees van die Raad van Trustees, is gedurende die Raadsvergaderings hanteer. Hierdie vergaderings en gereelde terugvoering van die subkomitees vorm deel van die voortgesette doeltreffende funksionering van die Fonds. Die verandering van administrateurs, aktuarisse en konsultante op 1 Maart 2014 het glad verloop. Baie dankie aan die vorige en huidige diensverskaffers vir die professionele wyse waarop die verandering hanteer is. Die Raad van USAF Trustees het gedurende die jaar die klem laat val op toepaslike

finansiële advies vir lede voor en by aftrede. 'n Paneel van voorkeurdiensverskaffers is gedurende Augustus 2014 vir hierdie doel aangestel, met die gedagte om dit in die toekoms na alle lede uit te brei.

Daar is ook sterk gefokus op eenvoudiger en meer gereelde kommunikasie, en hierdie nuusbriëf staan in die teken hiervan. Nuusbriewe word nou meer gereeld uitgestuur en November 2014 se nuusbriëf het 'n nuwe baadjie gekry. Meer vindingryke kommunikasiewyses word ook tans ondersoek vir toekomstige gebruik.

Meer vindingryke kommunikasiewyses word ook tans ondersoek vir toekomstige gebruik.

Ek sluit af deur my opregte dank en waardering teenoor die hoofbeampte, my medetrustees en die diensverskaffers van die Fonds uit te spreek vir die rol wat hulle speel in die voortgesette sukses van die Fonds.

Groete
Fran du Plessis
Voorsitter



Beleggings

Die tabel hieronder gee 'n oorsig van die groeiportefeulje se opbrengste oor die kort en lang termyn, soos op 31 Desember 2014:

Periode	Opbrengs	Inflasie	Inflasie plus 5%	Portuurgroep-mediaan*	Portuurgroep-topkwartiel**
3 maande	0.85%	0.18%	1.41%		
12 maande	9.06%	5.80%	10.80%		
36 maande	18.61%	5.57%	10.57%		
60 maande	15.76%	5.28%	10.28%	14.67%	16.62%

* Die portuurgroep-mediaan is die bestuurder wat in die middel van sy portuurgroep presteer het. Dit gee 'n aanduiding van hoe ander aftreefondse oor die tydperke kon gevaar het. Die portuurgroepmaatstawwe word van 'n Alexander Forbes-opname afgelei.

** Die portuurgroep-topkwartiel is die bestuurder wat beter gevaar het as driekwart van sy portuurgroep.

Gedurende die 2014-kalenderjaar het die Suid-Afrikaanse ekonomie swaar gekry weens verbruikers se erge skuldmas, 'n uitgerekte staking in die motorbedryf, trae ekonomiese groei, 'n verswakkende rand, uitvloei van kapitaal, beurtkrag, die val van African Bank, 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans, asook 'n groeiende begrotingstekort. Aan die internasionale front het die Amerikaanse ekonomie begin herstel, die Europese ekonomie het steeds gesukkel om te groei en China en Indië het begin afplat. Kommoditeitspryse soos dié van steenkool en ystererts het gedaal, die konflik tussen

Rusland en Oekraïne het oorgekook en die Japannese ekonomie het 'n resessie beleef. Ondanks die moeilike plaaslike en internasionale ekonomiese omstandighede het die groeiportefeulje nog steeds 'n verdienstelike opbrengs van 9.06% gelewer. Aan die einde van die jaar was daar 'n positiewe ontwikkeling in die vorm van laer oliepryse, wat die gevaar van stygende inflasie en daaropvolgende rentekoersstygings in die nabye toekoms afweer. Afgesien van die gunstige uitwerking van dalende brandstofpryse, staan groot uitdagings steeds die plaaslike en

internasionale ekonomie in die gesig gedurende 2015. Die Fonds maak gebruik van hoogaangeskrewe beleggingsbestuurders wat die blootstelling van die groeiportefeulje by die veranderende ekonomiese omstandighede sal aanpas. Daar is dus nie rede vir onnodige kommer nie. Lede sal uiteraard hulle opbrengsverwagtings by die veranderende ekonomiese omstandighede moet aanpas. 'n Maandelikse beleggingsverslag met meer besonderhede oor die onderliggende beleggingsportefeuljes en opbrengste is beskikbaar by <https://www.retirementfundweb.co.za/>.

Nuwe wetgewing

Nuwe wetgewing het die volgende impak op lede:

Alhoewel die maandelikse ongeskiktheidsvoordeel deur 'n vrystaande skema voorsien word en nie deel van USAF is nie, word u daaraan herinner dat die belasbaarheid van die premies vir die maandelikse ongeskiktheidskema op 1 Maart 2015 verander. Vanaf hierdie datum word die maandelikse premie tot die skema steeds as

'n byvoordeel in u hande belas, maar die premie bydrae is nie meer belastingaftrekbaar nie. Dit kan deur middel van die volgende voorbeeld verduidelik word: *Indien u 'n pensioengewende salaris van R25 000 per maand verdien, beloop die maandelikse premie tot die ongeskiktheidskema R97.50 (R25 000 x 0.39%) en die R97.50 sal dus by u maandelikse belasbare inkomste gevoeg word.* Die goeie nuus is egter indien u

arbeidsongeskik sou raak, word die uitbetaling van die voordeel vanaf 1 Maart 2015 van belasting vrygestel. Die nuwe wetgewing maak ook vanaf 1 Maart 2015 voorsiening vir 'n nuwe beleggingsprodukt bekend as Belastingvrye Spaarrekening. Na 1 Maart 2015 sal u ook later as u aftreedatum u fondse uit USAF kan onttrek. Meer besonderhede oor hierdie twee veranderings volg in die volgende nuusbrief.



Voordeel- en projeksiestate

soos op 31 Desember 2014

U voordeelstaat soos op 31 Desember 2014 bevestig die bedrag wat op 1 Maart 2014 van Alexander Forbes na Sanlam oorgedra is, bydraes vir aftrede van 1 Maart 2014 tot 31 Desember 2014, asook uitdienstrede-, doods- en ongeskiktheidsvoordele.

Kontroleer asseblief die inligting op die voordeelstaat en kontak vir Peter Kirsten (pkirsten@sun.ac.za) indien inligting op die staat nie korrek is nie.

Die projeksiestate is slegs 'n riglyn om die geskatte maandelikse pensioen by normale aftreedatum te bepaal. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen sal eers bepaal kan word wanneer die pensioen by aftrede gekoop word.

Let asseblief daarop dat die geskatte maandelikse pensioen weergegee word as 'n persentasie van u maandelikse pensioendraende inkomste.

Dit is belangrik om daarop te let dat die pensioendraende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personelede 75% van u Koste van Indiensname behoort. Die aftree-ouderdom is sedert die vorige projeksiestate uitgereik is, van 60 na 65 verhoog en dit het 'n wesenlike invloed op die geskatte maandelikse pensioen by normale aftreedatum.

Ons is bewus van die feit dat die aangehegte projeksiestate se projeksies verskil van die projeksies wat tans op Sanlam Retirement Fund Web verskyn.

Die projeksies verskil omdat die aangehegte projeksiestate gebaseer is op u inligting soos op 31 Desember 2014, asook hersiene onderliggende aannames.

Sanlam Retirement Fund Web gebruik die data en onderliggende aannames soos op die dag van die onttrekking van die inligting. Sanlam Retirement Fund Web sal vanaf 1 Mei die hersiene aannames weerspieël. Verder is dit belangrik dat beide projeksies bloot as riglyne beskou word en nie as eksakte syfers nie.

Daarom is dit belangrik dat u enige aftreebesluite in oorleg met u adviseur neem, wat 'n holistiese ontleding van u finansiële posisie kan doen.

Die bestuur van die Fonds

USAF word deur 'n Raad van Trustees bestuur. Vyf trustees word deur die werkgewer aangestel en vyf trustees word deur die lede gekies.

Die trustees word vir 'n termyn van drie jaar aangewys/gekies en kan daarna behou word (werkgewertrustees) of herkies word (werknemertrustees).

Die Raad van Trustees word deur 'n voorsitter gelei en vergader ten minste drie keer per jaar.

Die pligte van die trustees sluit die volgende in:

- Bestuur van die Fonds ooreenkomstig die fondsreëls en toepaslike wetgewing.
- Aanstelling en monitering van diensverskaffers.
- Beskerming van ledebelange deur altyd in goeder trou op te tree.
- Vermyding van enige botsing van belange.
- Toedeling van doodsvoordele ooreenkomstig artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse.
- Doeltreffende kommunikasie met lede.
- Monitering van bydraebetalinge.

'n Hoofbeampte word deur die Raad van Trustees aangestel.

Die hoofbeampte is verantwoordelik vir die uitvoer van trusteebesluite en daaglikse monitering van diensverskaffers.

Die Raad van Trustees bestaan tans uit die volgende lede:

Naam	Hoedanigheid	Oorspronklik gekies/ aangewys as trustee	Huidige termyn verstryk
Adv. FA. du Plessis	Voorsitter en Werkgewerverteenwoordiger	01/03/2013	28/02/2016
Prof. T.J. de Coning	Werkgewerverteenwoordiger	01/03/2014	28/02/2017
Prof. J.U. de Villiers	Werkgewerverteenwoordiger	01/11/2000	31/10/2015
Mnr. L.R. Burrows	Werknemerverteenwoordiger	24/07/2002	06/12/2016
Prof. J.L. van Niekerk	Werknemerverteenwoordiger	07/12/2013	06/12/2016
Mnr. R.W. van Staden	Werknemerverteenwoordiger	07/12/2013	06/12/2016
Prof. J.H. van Rooyen	Werknemerverteenwoordiger	07/12/2010	06/12/2016
Me. G. Arangies	Werknemerverteenwoordiger	07/12/2010	06/12/2016
Mnr. H.A.J. Lombard	Werkgewerverteenwoordiger	05/05/2011	04/05/2017
Prof. J.D. Krige	Werkgewerverteenwoordiger	18/11/2005	17/11/2017

Mnr. J.J.S. Kotze tree as hoofbeampte op.

Die diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad van Trustees aangestel om te help met die bestuur van die Fonds:

Diensverskaffer	Diens	Funksies wat verrig word
<ul style="list-style-type: none"> ● Simeka Konsultante & Aktuarisse 	Voordeel-, beleggings- en aktuariële advies	<ul style="list-style-type: none"> ● Advies ten opsigte van die Fonds se voordeelstruktuur en veranderinge in wetgewing. ● Markvergelykings om te verseker dat markverwante tariewe vir versekering betaal word. ● Hulp om met lede te kommunikeer. ● Die samestelling van sakelyste en die hou van notules van vergaderings van die Raad van Trustees. ● Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoetsig. ● Hulp met die opstel van 'n beleggingstrategie en -beleid. ● Hulp met die aanwysing en evaluering van beleggingsbestuurders. ● Die opstel van maandelikse beleggingsverslae. ● Die opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardering om die Fonds se finansiële gesondheid te bepaal.
<ul style="list-style-type: none"> ● Sanlam Aftreefonds Administrateurs 	Fondsadministrasie	<ul style="list-style-type: none"> ● Die maandelikse vaslegging van bydraes. ● Oorplasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders. ● Betaling van eise. ● Uitreiking van voordeelstate. ● Daaglikse boekhouding en voorbereiding vir die opstel van die finansiële jaarstate.
<ul style="list-style-type: none"> ● ABSA Bank 	Bankiers	<ul style="list-style-type: none"> ● Alle fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening.
<ul style="list-style-type: none"> ● Ou Mutual 	Versekeraar	<ul style="list-style-type: none"> ● Verseker die beloofde doodsvoordeel (gade-en kinderdekking) in die fondsreëls.
<ul style="list-style-type: none"> ● Allan Gray ● Orbis ● Contrarius ● Coronation ● Prudential ● Investment Solutions 	Batebestuurders	<ul style="list-style-type: none"> ● Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandaat waarvoor met die Raad van Trustees ooreengekom is.

Finansiële advies aan lede 55 en ouer

U word daaraan herinner dat USAF finansiële advies deur vyf voorkeurdienstverskaffers aan lede van 55 en ouer bied. Die vyf voorkeurdienstverskaffers is:

Alexander Forbes Financial Planning Consultants: (021) 809 3750; wesselsw@forbes.co.za

FinFocus: (021) 861 7000; usafadvies@finfocus.co.za

Graviton: (021) 883 9192; arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies: (021) 947 6025; kobus.swart@sanlam.co.za

Verso Investment Services: (021) 914 8030; martin@versois.co.za

USAF betaal vir twee konsultasies met een van die voorkeurdienstverskaffers. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 55 plaasvind en dan weer wanneer die lid aftree. As deel van 'n kwaliteitskontroleproses sal afskrifte van die adviesnotas aan die hoofbeampte verskaf word.

Die volgende stappe moet gevolg word:

1. Besluit op 'n diensverskaffer.
2. Kontak Menslike Hulpbronne (Charné Pool: (021) 808 9271 / charnep@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te bekom.
3. Maak daarna 'n afspraak met u gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat u die diens mag gebruik.

Die byhou van benoemingsvorms

Dit is baie belangrik om die besonderhede van u afhanklikes en genomineerdes gereeld by te werk aangesien dit van groot nut is wanneer doodsvoordele verdeel word.

Volgens artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse moet alle afhanklikes in ag geneem word wanneer doodsvoordele verdeel word. 'n Afhanklike is iemand vir wie die oorledene wetlik verantwoordelik is vir onderhoud. Dit kan ook iemand wees vir wie die oorledene nie wetlik verantwoordelik was vir onderhoud nie, maar wat wel deur die oorledene onderhou is. Gades en kinders word altyd as afhanklikes beskou. Geen

onderskeid word getref tussen kinders wat binne die eg of buite die eg gebore is, aangename kinders of kinders wat na die dood van die oorledene gebore is nie. Die verdeling van die doodsvoordeel word grootliks bepaal deur die graad van afhanklikheid. 'n Afhanklike wat ten volle van die oorledene afhanklik is, sal dus op 'n groter deel van die doodsvoordeel aanspraak kan maak as 'n afhanklike wat net gedeeltelik afhanklik is. Genomineerdes word slegs in ag geneem nadat al die behoeftes van die afhanklikes in ag geneem is.

Die inhoud van die testament, wat bates in die

oorledene se boedel verdeel, word in ag geneem in die verdeling van doodsvoordele. Afhanklikes wat egter nie in die testament as begunstigdes aangewys is nie, word nie hierdeur gediskwalifiseer om doodsvoordele wat deur USAF voorsien word te ontvang nie.

Die besonderhede van afhanklikes en genomineerdes word elektronies op Oracle Employee Self Service ("ESS") gehou en kan daar bygewerk word. Gebruik asseblief bogenoemde riglyne wanneer u afhanklikes en genomineerdes vir die eerste keer registreer of wanneer u die besonderhede bywerk.

Belangrike kontakbesonderhede

Indien u meer inligting oor USAF nodig het, kan u die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die Voordeelkonsultant kontak. Tree asseblief met die hoofbeampte in verbinding indien u enige klagtes aangaande USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotze

Tel: (021) 808 2754

Faks: (021) 808 2484

E-pos: jjsk@sun.ac.za

Voordeelkonsultant

Ian Nieuwoudt

Tel: (021) 912 3315

Faks: (021) 912 3341

E-pos: ian@simekaconsult.co.za

Vergoedings- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten

Tel: (021) 808 3740

Faks: (021) 808 2484

E-pos: pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsbereger (PFB)

E-pos: enquiries@pfa.org.za

Lede mag die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.



USAF NUUSBRIEF Maart 2015

Retirement Plan

Additional Income		Month	Amount
Mid Year Bonus		June	2,000
Year End Bonus		December	3,000
Total Additional Income		January	5,000

Planned Expenses		Month	Amount
November vacation		November	
Home for the holidays		December	
Gifts for family		December	
Family vacation		July	
Total Planned Expenses		January	
		January	
		January	
		January	
		January	